SABoerperd

The Ideal Sporting & Pleasure Horse

www.saboerperd.com

STOET PROFIEL / STUD PROFILE

MAAK 'n PLAN STOET

Sundra

EIENAAR / OWNER: MAAK 'n PLAN
JAAR VAN REGISTRASIE / YEAR OF REGISTRATIONS: 2006
KONTAK BESONDERHEDE / CONTACT DETAILS: 082 893 6946

HOEKOM HET JY DIE STOET BEGIN? / WHY DID YOU START THE STUD?
Ons het nog altyd 'n liefde vir perde gehad en het van kindsbeen af te doen gehad met perde. Nadat ons die eerste maal met die Sa boerperde te doen gehad het was daar nie omkeer kans nie. Die besluit is gemaak om 'n duur stokperdjie professioneel te probeer bedryf eerder as om met kruisras of ander rasegte perde te probeer voort spook en om ons kennis van perde binne die Sa boerperd ras toe te pas.

MET WATTER PERDE HET JY BEGIN? / WITH WHICH HORSES DID YOU START?
Ons stoet het hoofsaaklik begin met Madeira en A2 lyne begin weens hulle gehardheid en maklike ry en leer vermoë. Later is besluit om Hancke bloedlyne te gebruik vir die breë skoumark.

VISIE & MISSIE / VISION & MISSION
Ons Missie is om die ras te bevorder in alle aspekte en kwaliteite wat die Sa boerperd ras kan bied. Ons is 'n stoet wat nie net vaskyk aan bloedlyne nie, maar eerder aan die kwaliteite en eienskappe van elke perd wat hom besonders en uniek maak. Ons fokus is - Kwaliteit en nie kwantiteit.

TOEKOMSPLANNE / FUTURE PLANS
Ons wil nie net ons ons eie stoet bevoordeel nie, maar ons is gewillig en bereid en aktief besig om die ras blootstelling te gee aan die mededingende en breë spektrum perde sport bedryf van vandag deur om nuwe, oud en jong telers te help met advies, potensiële kopers by te staan in alle aspekte van bemarking en evaluering van perde om te verseker dat elke perd, hetsy hy van ons stoet af kom al dan nie, die perd sy volle potensiaal kan bekom deur na die regte huise geplaas kan word. Eerlikheid is van groot belang vir ons om die perde sowel as die potensiële nuwe telers of eienaars elkeen 'n regverdige kans te kan gee.

STOET AKTIWITEITE & BETROKKENHEID / STUD ACTIVITIES & INVOLVEMENT
Ons neem jaarliks deel aan al ons Sa Boerperd Streekskoue asook ons Nasionale kampioenskappe in amper alle kategorieë moontlik. Ons neem ook deel aan die volgende sportsoorte deel - Uithouritte, Dresseer, Verskeie Landbouskoue, Western, Trail Riding, Oop skoue.

ANDER / OTHER

Die Sa Boerperd is 'n ras vol van geleenthede wat vir ons gebied word. Die SA Boerperd IS die perd vir die RSA.

FOTO'S / PHOTOGRAPHS

Maak 'n Plan

SA BOERPERD STOETERY